NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A en **EEN** vraag uit Afdeling B.
4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik. Die vermoë om relevante inligting krities te gebruik om vrae te beantwoord, is net so belangrik.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies dieselfde as die vrae in die vraestel.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2023

AFDELING A

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

VRAAG 1

"Die VSA het kommunisme suksesvol in bedwang gehou met sy na-oorlogse ekonomiese en militêre beleid."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in Europa tussen 1945 en 1949.
[70]

OF

VRAAG 2

"Swart Bewussyn was die uitsluitlike oorsaak van die Soweto-opstand in 1976."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in Suid-Afrika in die 1970's.
[70]

OF

VRAAG 3

"Terwyl die VSA nie daarin geslaag het om die USSR te vernietig nie, het Gorbachev se hervormings daarin geslaag."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in die USSR in die 1980's.
[70]

70 punte

IEB Copyright © 2023


AFDELING B

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy mag ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

VRAAG 4

Die afbeelding hieronder is 'n diagram van die Cu Chi-tonnels, wat in die 1960's deur die Viëtkong buite Saigon (Ho Chi Minh-stad) gebou is.



[Bron: <https://www.indochina.tours/cu-chi-tunnel-heroic-wonder/>, Verkry 17 Maart 2022]

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die Noord-Viëtnamese die Amerikaanse militêre operasies tussen 1964 en 1972 teëgestaan het:

(a) Watter gebeure het teen die middel 1960's tot 'n volskaalse konflik tussen die VSA en Noord-Viëtnam gelei?

(b) Met watter optredes het die Noord-Viëtnamese die Amerikaanse militêre operasies tussen 1964 en 1972 teëgewerk?


(c) Wat was die impak van die konflik op Viëtnam en Suidoos-Asië teen 1972?

[30]

OF

VRAAG 5

Die foto hieronder is op 20 Augustus 1983 by die Rocklands Burgersentrum in Mitchells Plain geneem toe die UDF gestig is.



[Bron: <https://www.iol.co.za/news/politics/former-activists-celebrate-birth-of-udf-33-years-ago-2059039>, Verkry 5 Februarie 2022]

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die UDF die apartheidstaat in die 1980's uitgedaag het:

(a) Wat het tot die stigting van die UDF in 1983 gelei?

(b) Wat was die aard van die weerstand wat die UDF teen die apartheidstaat in die 1980's georganiseer het?

(c) Hoe het die apartheidstaat gereageer op die weerstand wat die UDF in die 1980's georganiseer het?


[30]

OF

IEB Copyright © 2023

VRAAG 6

Die spotprent hieronder, gepubliseer in 2006, is satiriese kommentaar op die groeiende verhouding tussen ontwikkelende nasies en Westerse kapitalistiese organisasies. Dit is geteken deur Godfrey 'Gado' Mwampembwa. Gado is 'n internasionaal bekende spotprenttekenaar van Kenia.



[Bron: <https://www.researchgate.net/figure/Cartoon-on-misguied-structural-reform-programs-of-IMF-and-World-Bank-and-the-impact-of_fig4_24113884>, Verkry 11 Oktober 2022]

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe dit gebeur het dat Westerse kapitalistiese organisasies (Wêreldbank/IMF/WHO) die globale ekonomie oorheers het:

(a) Wat is die Westerse kapitalistiese organisasies en hoe oorheers hulle die globale ekonomie?

(b) Watter impak het die Westerse kapitalistiese organisasies wat die globale ekonomie oorheers, op ontwikkelende nasies?

(c) Hoe het BRICS die oorheersing van die Westerse kapitalistiese organisasies wat die globale ekonomie oorheers, uitgedaag?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023